LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 19
31 Mei 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

BEHEERLIGGAAM
Mnr W van der Merwe het as Beheerliggaamslid bedank. Derhalwe moet daar ‘n tussenverkiesing plaasvind. Die benoemings- en verkiesingsvergadering sal op 7 Junie 2019 om 12:00 in die skoolsaal plaasvind. Ouers sal tot 15:00 stem.

Benoemingsvorms is by die kantoor beskikbaar.

Die volgende wetlike aspekte is van belang.

Benoeming van ouerlede:
(1) ’n Ouer kan slegs deur ’n ander ouer van ’n leerder by die betrokke skool benoem en gesekondeer word deur -

(a) ’n benoemingsvorm, wat behoorlik deur die voorsteller, sekondant en benoemde ingevul is, hoogstens sewe dae en minstens 24 uur voor die aanvang van die benoemingsvergadering by die skoolkiesbeampte in te dien;

(b) ’n ouer te benoem, wat dan formeel voorgestel en gesekondeer moet word op die benoemingsvorm, wat die voorsteller gedurende die benoemingsgedeelte van die vergadering moet voltooi; of

(c) te verseker dat die benoemde aan die vereistes van paragraaf 2 voldoen en sy/haar handtekening aanbring.

Verkiesbaarheid:
’n Persoon sal nie verkiesbaar wees as ’n lid van ’n beheerliggaam nie indien hy of sy:

(1) geestesongesteld is en deur ’n bevoegde hof as sodanig verklaar is;

(2) ’n ongerehabiliteerde insolvente persoon is;

(3) aan ’n oortreding skuldig bevind en gevonnis is tot tronkstraf vir ’n tydperk van langer as ses maande, sonder die moontlikheid van ’n boete, of nog nie sy of haar volle tronkstraf uitgedien het nie;

(4) ongeskik verklaar is om met kinders te werk, soos wat die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) bepaal;

(5) nie onder een van die ledekategorieë van ’n beheerliggaam val nie;

(6) nie meer onder die ledekategorie val wat hy of sy ten tyde van sy/haar verkiesing verteenwoordig het nie; of

(7) sy of haar lidmaatskap van die beheerliggaam verloor het deurdat die Departementshoof dit ingevolge die Wet beëindig het.

Stemreg:
Twee ouers per leerder wat amptelik by ’n skool ingeskryf is, is daarop geregtig om vir ouerlede van die beheerliggaam te stem, en het een stem met betrekking tot elke benoemde, met ’n maksimum getal stemme gelykstaande aan die getal ouerlede wat verkies moet word.

SKOOLDRAG
Die korrekte **Wintersdrag** is vanaf **Maandag, 3 Junie 2019** verpligtend.

REVUE 2019
Ouers word vriendelik versoek om ‘n donasie van R20 per leerling by klasonderwysers in te betaal. Die geld sal aangewend word om vir die klankman, musiek en dekor te betaal. Dit sal waardeer word as inbetalings teen 31 Julie 2019 afgehandel kan wees.

INWYDING VAN DIE KEWERTJIE
Die OOV nooi alle ouers en ondersteuners om op Woensdag, 12 Junie saam by die Kewertjie te kom kuier tydens LVS se sportdag.

Kom geniet heerlike warm plaassop, vars gebakte brode en 'n glasie sjerrie @ slegs R30! (wegneem-ete ook beskikbaar)

Ons hoop om julle daar te sien. Ons wil graag spog met ons 'nuwe' Kewertjie!

SEWES TOERNOOI 2019
Kinders en ouers kry julle spanne reg vir die Sewes Toernooi op 12 Junie. Trek volgens ‘n tema aan en gee jou span ‘n naam. Ons gaan ‘n rondomtalie netbal- en rugbywedstryde speel. Almal speel netbal en rugby. Baie pryse kan gewen word. Inskrywings sal vanaf Vrydag, 31 Mei 2019 tot Vrydag, 7 Junie 2019 beskikbaar wees. Die kostes is R10 per speler m.a.w. R70 per span. Ons gaan koffie, pannekoek, muffins en vele meer te koop hê. Na afloop van die prysuitdeling sal daar in die Kewertjie sop en sjerrie vir die seer spiere wees. Kom ondersteun ons.

EPOS
Daar is ‘n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

TROTS VOLKSKOOL 'buffs' en rugsakkies
Die wintersport-seisoen is hier! Kom koop jou TROTS VOLKSKOOL 'buff' @ R70 gedurende pouse by Brenda by die kantoor. Leerders mag die 'buffs' tydens sportgeleenthede dra. Daar is ook rugsakkies beskikbaar @ R50 elk.

GELUKWENSE
Casidy Swartz studeer aan die Vrystaatse Universiteit en het die “Golden Key” toekenning ontvang vir haar studies. Sy was ‘n leerling van Laer- en Hoër Volkskool. Baie geluk aan haar.

SPORT

UITSLAE VAN WEDSTRYDE TEEN ALIWAL-NOORD

RUGBY

SPAN	LVS	ALIWAL
o.7A	20	10
o.9A	0	49
o.11A	32	0
o.11B	19	15
o.13B	12	19

NETBAL

SPAN	LVS	ALIWAL
o.8A	5	3
o.9B	4	7
o.10A	8	8
o.10B	4	3
o.11A	7	8
o.11B	4	9
o.13B	4	16
o.13A	10	25
o.13C	4	3
o.13D	0	9

HOKKIE

SPAN	LVS	ALIWAL
8A	7	4
8B	1	2
9A	5	0
10A	1	0 (speelslegs 8 min – besering)
13A	1	1
13B	0	4

HOKKIE

Almal is baie opgewonde oor Claudia Cooke ons nuwe hokkie afrigter by die Hoërskool en ook die hokkie koördineerder van Volkskool. Dis 'n wonderlike geleentheid vir al ons kinders by LVS.
Elke Vrydagmiddag vanaf 12 April 2019 om 16:00 – 17:00 op Union se Astro gaan sy GRATIS hokkie-afrigting aanbied vir al ons kinders.

ALMAL IS WELKOM. MAAK ASB VAN DIE GELEENTHEID GEBRUIK!

GEDAGTE VIR DIE WEEK

NEEM JOU KRUIS OP

Is jou kruis vandag te swaar om te dra?
Dit wat God jou oplê, te veel gevra?
Dink dan aan Jesus se kruis en lyding
wat ook vir jou verlossing bring.

Psalm 22:17

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hoof@laervolkskool.org
Tel: 049 8910803